

29 Maart

Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:23-40

Fokusgedeelte: Deut 4:35

Die kruisgebeure spel die grootheid van God uit

God se optrede teenoor 'n sondige Israel word hier gewys. Dit is 'n optrede wat sy grootheid en besondere genade na vore laat kom.

Moses herinner Israel aan die pad waarlangs hulle gekom het. Ten spyte van veertig jaar in die woestyn het Hy vir hulle gesorg. Maar Moses vra ook getrouheid aan die Here (vs 23) en in verse 26-28 hou hy die straf voor. Hy voorspel reeds die ballingskap wat sou kom. Dit is 'n ernstige waarskuwing, maar tog word God se geweldige genade getoon. Verse 29 en 30 sê hoe hulle weer na Hom sal soek en terug sal keer na Hom en na Sy stem sal luister. Hy sou hulle nie in die steek laat daar in die ellende van die ballingskap nie. Hoekom? Vers 31 "Die Here julle God is 'n genadige God." Maar meer: Verse 33 en 34 teken die groot dae van God. Al die dinge het Hy voor hulle oë laat afspeel. Hoekom? Vers 35: "Dit is vir julle gewys dat julle kan beseef die Here is God en dat daar naas Hom nie 'n ander is nie." Wie sal so genadig optree met 'n sondige volk? Wie behalwe die enigste, ware God? So buig die mens en bely: Die Here alleen is God.

Die dinge spel die kruisgebeure ook uit. Op Golgota is Jesus gebreek en daar het sy kosbare bloed gevloei. Dit bring ons tot belydenis. Wie sal tog sy seun aan die kruis laat spyker, Hom die smarte van die hel laat ervaar en dit alles maar net om vuil sondaars te red. Wie sal dit doen? Alleen die barmhartige en genadige God. So sien ek Jesus daar aan die kruis en ek sien God die Vader wat Hom ontferm oor 'n sondaar soos ek. So buig ek in aanbidding om Hom te eer om sy grootheid ontwil!

Sing: Psalm 31:5,15

Ds LD Aucamp (Cullinan)